

# Die "veroordelende tekste" se herinterpretasie

## Begrippe

Daar is verskeie begrippe wat gereëld gebruik word wanneer daar oor die gay onderwerp gepraat word. Voordat ons aan die gesprek kan deelneem, moet hierdie begrippe eers verduidelik word.

## Die onderskeid tussen hetero- en homoseksueel

Die menswetenskappe het maar eers so onlangs as 1869 begin om die begrippe homo- en heteroseksueel te gebruik. Voor dit, was daar geen onderskeid tussen iemand met 'n hetero- of homoseksuele oriëntasie nie. Die oningeligte gemeenskap in die voorafgaande eeue het 'n homoseksuele persoon beskou as 'n "heteroseksuele persoon" wat buite die normale optree...!

## Die onderskeid tussen homoseksuele dade en oriëntasie

Voorts moet daar 'n onderskeid getref word tussen 'n homoseksuele **daad** en 'n homoseksuele **oriëntasie**. Wat is die verskil?

Enigiemand kan betrokke raak by 'n homoseksuele daad, sonder om 'n homoseksuele oriëntasie te hê. Selfs heteroseksuele persone kan per geleentheid by homoseksuele dade betrokke raak. Byvoorbeeld persone in geslote omgewings soos koshuise of gevangnisse, wat weens die afwesigheid van die teenoorgestelde geslag, by homoseksuele dade betrokke sal raak. Hierdie uitinge is egter slegs per geleentheid en vervul nie eintlik die persoon se intieme behoeftes nie. Die oomblik wanneer die persoon se omstandighede verander (bv wanneer die gevangene vrygelaat word), word die homoseksuele dade ook gestaak.

Iemand met 'n homoseksuele oriëntasie is egter fisies en psigies aangetrokke tot dieselfde geslag. Dit beteken dat hierdie persoon nie net per geleentheid by homoseksuele dade betrokke raak nie, maar eerder 'n deurlopende gerigtheid op dieselfde geslag ervaar. Die homoseksuele "gevoelens" bly nie net beperk tot sekere situasies nie, maar vorm deel van die persoon se integrale menswees.

Dit kan katagories gestel word dat die Bybel nêrens persone met 'n homoseksuele oriëntasie veroordeel nie, maar slegs lelike vorme van homoseksuele dade deur heteroseksuele mense! Nêrens veroordeel die Bybel 'n homoseksuele paartjie, wat in 'n liefdesverhouding saamleef nie.

Die onderskeid tussen seks as gemeenskap of misbruik

Seksuele gemeenskap tussen twee individue Nie alle uitdrukkinge van seksuele omgang

Seksuele omgang

Sonde

Idee: vgl v gaywees met pedofilie, alkoholisme

## Genesis 19:5 (parallel met Rigt 19:22)

### Die algemene beskouing

Die Sodomiete was gay. So erg, dat hulle Lot se voordeur wou afbreek, om hulle sterk seksuele drifte te kon bevredig! Al die mans van Sodom wou Lot se twee gaste verkrag. Hier was dus 'n dreigende massaverkragting wat op die punt was om te gebeur. Net 'n paar verse verder (:24) vernietig God die plek met vuur en swael uit die hemel. Hieruit wil mense aflei, dat dit vir ons 'n aanduiding moet wees van God se weersin in "gays"!

### 'n Alternatiewe beskouing

Ons het hier ongetwyfeld met `n homoseksuele daad te doen. Dit het egter niks met `n homoseksuele oriëntasie te doen nie. Dit kan nie gelykgestel word aan twee gay mense wat as gelykes tot mekaar aangetrokke is en in `n liefdesverhouding wil saamleef nie.

Hier is sprake van `n dreigende massa-verkragting! Al die manne van die stad wil die twee manlike besoekers in Lot se huis seksueel aanrand.

Die motief vir hulle optrede is om die vreemdelinge leed aan te doen. So `n seksuele aanranding het ten doel gehad om te verkleineer, te verneder en seer te maak. Dit gaan hoegenaamd nie oor die plesier of genieting van seks nie, maar oor `n aggressiewe daad.

Hier is hoegenaamd geen sprake van twee volwasse persone wat tot mekaar aangetrokke voel of mekaar as gelykes behandel nie. Ons het hier uit-en-uit `n ongelyke situasie, van aggressors wat weerlose minderes wil kwaad aandoen.

Al praat die Sodomiete van "geslagsgemeenskap" in die Nuwe Afrikaanse vertaling, is hier geen sprake van iets wat die twee partye in gemeen het nie.

Dit is nie homoseksualiteit wat veroordeel moet word nie, maar verkragting as `n daad van aggressie!

(Wanneer 'n heteroseksuele verkragting veroordeel word, is dit tog nie heteroseksualiteit wat veroordeel word nie, maar die verkragting!)

## **Levitikus 18:22 en 20:**

### **Die algemene beskouing**

Hier is sekerlik een van die gruwelikste vertaalfoute in die moderne Bybelvertalings. "Jy mag nie `n homoseksuele verhouding hê nie..." Vir die gewone Bybelleser lyk dit asof God hier direk met gay mense praat en hulle veroordeel.

Hierdie teks word gewoonlik aangehaal om gay mense wat in `n verhouding is, te laat twyfel oor die wenslikheid daarvan. Twee misleidende terme word in die NAV gebruik, naamlik "homoseksuele" en "verhouding".

Maar, nie een van hierdie terme kom in die Hebreeuse teks voor nie.

### **`n Alternatiewe beskouing**

Die letterlike vertaling is: "Jy mag nie met `n man lê, soos wat jy by `n vrou lê nie." Die "jy" wat hier aangespreek word, is nie `n gay persoon of paartjie nie, maar die gemiddelde Israelitiese "man op straat". Die vertalers het hier `n anachronisme gebruik toe hulle die woord "homoseksueel" ingevoeg het. Dit is totaal onvanpas en staan nie in die Hebreeuse teks nie. Die term "homoseksueel" is eers in die laat 18de eeu vir die eerste keer vanuit die menswetenskappe gevorm. Die oorspronklike lesers of hoorders van Levitikus sou geen benul gehad het van wat "homoseksueel" (of selfs heteroseksueel!) beteken nie. Vir die antieke mens sou alle mense "heteroseksueel" gewees het, van wie sommige mense net "vreemd" opgetree het.

Die breër konteks van Levitikus toon duidelik dat dit hier gaan oor afgodsdienstryke. Moenie net Lev 18:20 lees nie, maar begin by Lev 18:1. Daar sal jy sien dat Israel gewaarsku word om die Here nie op dieselfde manier te aanbid, as waarop die buurvolkere van Israel hulle afgode aanbid het nie. By die bure van Israel was vrugbaarheidskultusse aan die orde van die dag. In sulke vrugbaarheidskultusse was seksuele dade as kultiese rites gebruik as metode om die vrugbaarheids gode te aanbid.

In die onmiddellike voorafgaande konteks, lees ons ook nog van die verbod op bloedskanie, bestialiteit en kinderoffers - alles dinge, wat net soos die homoseksuele rituele dade, as kultiese handeling in die heidense afgodsdienstempels voorgekom het.

Wat hier veroordeel word, is afgodsdienstryke - nie persone met `n gay oriëntasie nie!

## Rom 1:26 en 27

### Die algemene beskouing

Hierdie teks word dikwels aangehaal om te probeer bewys dat homoseksualiteit “teen-natuurlik”, abnormaal, afwykend en nie volgens die Skepper se bedoeling is nie.

### `n Alternatiewe beskouing

Paulus is nie hier besig om `n uitspraak oor homoseksualiteit te maak as `n sosiologiese verskynsel van menslike gedrag nie, maar hy lewer kommentaar op die heidense afgodsdienste wat in die Romeinse kultuur iets alledaags was. Net soos in die geval van Lev 18:22, handel dit hier ook oor homoseksuele dade wat ingespan was as kultiese handeling en godsdienstige rituele binne die konteks van vrugbaarheidskultusse. Dit gaan nie hier oor persone met `n homoseksuele oriëntasie wat aangetrokke is tot soortgelykes nie, maar oor “heteroseksuele” mense wat betrokke is by homoseksuele dade tydens afgodsaanbidding by vrugbaarheidskultusse.

Daar is duidelike semantiese merkers wat `n aanduiding is dat dit hier gaan oor afgodsdienste. Nie alleen is daar die vermelding van die (afgods)beelde (vers 23) nie, maar ook kry ons kultiese begrippe soos “dien” en “vereer” in die sin “hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper” (vers 25).

Verder, wanneer hierdie teks binne die groter geheel van Paulus se algemene gedagtegang geplaas word, word dit duidelik dat Paulus nie hier besig is om uitsprake teen homoseksualiteit te maak nie, maar **teen afgodsdienste!** Let op Paulus se gedagtegang: Eers beskryf hy die heidense kultusse van die Romeine en kritiseer hulle dan vir die wrang vrugte wat hulle voortbring (vers 28-30). Daarna rig hy hom teen die Joodse kultus (2:1-29) en kritiseer hulle dan eweneens vir die wrang vrugte wat hulle - op hulle beurt - voortbring (2:17-24) - ten spyte van hulle slaafse wetsonderhouding! In Rom 3:21-22 kom ons by die draaipunt van Paulus se betoog, naamlik dat God nie kant kies teen Romeine of Jode voortrek nie, maar dat God alle mense by God welkom is, wat glo in Jesus Christus. Wat Paulus wil tuisbring is dat die **sensuele** afgodsdienste van die Romeine hulle niks nader aan die ware God gebring het nie, maar dat die **wettiese** godsdienste van die Jode hulle óók niks nader aan God gebring het nie! Die enigste manier hoe `n mens by die ware God kan uitkom, is **deur geloof in Jesus Christus (vers 22)!**

Maar wat van Paulus se beskrywing van hierdie optrede as “teen-natuurlik” (Grieks: para fusin)? Baie mense wil graag hierin iets raaklees van “teen die natuur” (teen die skeppingsorde). Moenie eie interpretasies gee vir “para fusin” nie, maar kyk eerder hoe dieselfde Paulus dié begrip gebruik in 1 Kor 11:14, waar hy sê dat dit volgens die “natuur” (fusus) oneerbaar vir `n man is om lang hare te dra! Nie vir `n oomblik was die bedoeling dat lang hare teen die skeppingsorde is nie, maar teen die norme van die samelewing van Paulus se tyd. Paulus gebruik die term hier in die sin van “norm” of “gewoonte”. Die moderne vertaling vertaal dit as “die algemene opvatting”.

Indien die vertalers konsekwent was, moes hulle Rom 1:26 ook vertaal het as “teen die algemene opvatting”, en nie as “teen-natuurlik” nie!

## 1 Kor 6:9

### Die algemene opvatting

“...mense wat homoseksualiteit beoefen... sal nie deel kry aan die koninkryk van God nie.” Hierdie teks lyk asof dit gerig is teen alle gay mense wat hulle homoseksuele oriëntasie **uitleef**. Dit gaan hier oor die beoefening daarvan - die sg praktisering daarvan.

Vir gay mense word daar gewoonlik na aanleiding van hierdie vertaling gesê, goed, jy mag gay wees, maar jy mag dit net nie beoefen nie! (Hierdie vertaling weerspieël die hoofstroomkerke se standpunt rondom gaywees ten tyde van die Bybelvertaling!)

## **`n Alternatiewe beskouing**

Baie Bybelkommentare is dit eens dat hierdie `n **uiters problematiese teks** is om te vertaal. Hier word twee Griekse woorde gebruik, nl malakoi (“sagte” mense) en arsenokoitai (letterlik: “man + beddens”).

Malakoi kan beteken: sagte mans (wat alte gou geïnterpreteer word as vroulike mans!), maar dit kan ook doodgewoon in `n morele sin beteken, ruggraatlose mense sonder beginsels.

Die woord arsenokoitai is egter `n woord waarvan die presiese betekenis totaal duister is. Dis `n woord wat slegs enkele kere in die Griekse literatuur aangetref word, wat meebring dat die presiese betekenis daarvan baie onduidelik is. Die gevolg is dan: soveel vertalers, soveel vertalings, waar die een maar deur `n ander een beïnvloed is! Vergelyk byvoorbeeld die Engelse vertalings: “those who are immoral with boys” – Jerusalem Bible; “sexual pervers” – Good News; “perverted” – Phillips; “perverts” – New English Bible; “sodomites” – Revised Standard Version; “abusers of themselves with men” – Revised Version; “those who defile themselves with mankind” – Authorised Version; en “pederasts” – Interlinear Greek Testament.

Al wat hieruit moet duidelik word, is dat daar **geen eenstemmigheid** oor die presiese betekenis bestaan nie.

Wat wel uitstaan, is dat dit hier gaan oor losbandige praktyke en die prostitusiebedryf wat so welig getier het in die Romeinse beskawing.

Wat hier veroordeel moet word, is seksuele losbandigheid en nie persone met `n gay oriëntasie nie.

## **1 Tim 1:10**

### **Die algemene opvatting**

“Mense wat homoseksualiteit beoefen” skep dieselfde probleem as in 1 Kor 6:9 – en dis trouens weer die Griekse woord “arsenokoitai” wat hier voorkom. Volgens die vertaling lyk dit asof `n “nie-praktiserende homoseksueel” verskoonbaar is, maar een wat (hardnekkig) voortgaan om dit te **beoefen**, is in die moeilikheid!

Die vertaling skep die indruk dat die betekenis voor die hand liggend is en asof daar geen onduidelikheid oor die betekenis bestaan nie.

## **`n Alternatiewe beskouing**

Vergelyk dit met wat reeds by 1 Kor 6:9 gesê is oor arsenokoitai. “Man + beddens” kan verskillende dinge beteken. Ons aanvaar dat “beddens” `n eufemisme is vir seksuele losbandigheid, maar dan is dit nog geen uitgemaakte saak eers, dat dit gaan oor homoseksuele losbandigheid nie. Dit kan dui op manne (of mense) wat in verskeie beddens rondslaap (dalk as prostitute). Die woord self gee geen aanduiding dat dit mans met ander mans is nie – dit sou selfs ook kon dui op die beddens van vrouens!